

Is jy deel van Jesus se ware familie?

Omdat Lukas uit die heidendom tot geloof in Jesus Christus gekom het, is hy deurgaans baie dankbaar oor die feit dat die Here sy genade ook aan nie-Jode bedien. Natuurlik deel hy hierdie kosbare waarheid oor Naäman, die Siriër, en die weduwee van Sarfat (verse 24-27) graag met Teofilus en sy ander lesers. As sodanig word Jesus se optrede in Nasaret en die verwerping wat Hom daar te beurt geval het eintlik 'n profetiese opsomming van sy verdere bediening. Wanneer Hy vir die mense in Nasaret se sinagoge uit Jesaja 61:1,2 aantoon dat Hy inderdaad die Messias is in wie die Ou-Testamentiese profesieë in vervulling gaan, is die mense aanvanklik verwonderd. Hulle ervaar sy woorde as "aangenaam".

Jesus ken egter mense se harte. Daarom weet Hy dat die mense van Nasaret nie werklik glo nie. Hulle wag dat Hy, soos in die buurdorp Kapernaüm, wonders sal doen om sy Messiaanse aansprake te ondersteun. Hulle het Hom tog van kleins af geken as 'n gewone, mede-inwoner van Nasaret wat saam met sy pa, Josef, hard moes werk om die wolf van die deur af weg te hou. Nou wag hulle vir die getuigskrifte van sy nuwe status. Vandaar Jesus se opmerking dat oorbekendheid dikwels daartoe lei dat 'n profeet oral, behalwe in sy eie tuisdorp, aanvaar word (vers 24). Elia en Elisa het vroeër al dieselfde ervaring gehad.

In hierdie gedeelte word bevestig wat Maria in haar loflied bely het (Luk 1:46-55): dat 'n mens nie aan Jesus Christus deel kry omdat jy vernaam is, of in dieselfde dorp as Hy grootgeword het, of omdat jy deel van sy aardse familie is nie. Nee, **net deur die geloof** kry jy deel aan Hom en gaan jy in deur die nou poort van die koninkryk. Kan ander mense aan jou gedrag sien dat jy so 'n begenadigde mens is wat kinderlik en sonder bybedoelinge in Jesus glo?

Sing: Skrifberyming 27:1-3

Ds JJ Cloete (Koster)